Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2024

# BESIGHEIDSTUDIES V2

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

More Recourses
Testpapers.co.za Exam Papers / Study Guides / Summaries / Tutoring
TestpapersPro.co.za Study Notes / Quizzes / Flashcards / Exam Questions

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE van die hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.
   Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

   Let wel dat SLEGS die antwoorde op die eerste TWEE vrae gekies in AFDELING B en die antwoorde op die EERSTE vraag gekies in AFDELING C nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van ŉ antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as ŉ gids vir punte- en tydstoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| **A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND** | **1** | **30** | **20** |
| | | | |
| **B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE.** | **2** | **40** | **70** |
| | **3** | **40** | |
| | **4** | **40** | |
| | | | |
| **C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige EEN.** | **5** | **40** | **30** |
| | **6** | **40** | |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy.

8. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.



Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.6 D.

1.1.1 William gebruik die … leierskapstyl wanneer hy alle besluite sonder werknemer betrokkenheid neem.

A demokratiese
B transaksionele
C outokratiese
D laissez-faire

1.1.2 Beskikbaarheid van elektrisiteit moet in ag geneem word wanneer ŉ … as ŉ visuele hulpmiddel gebruik word om inligting op ŉ skerm te wys.

A blaaibord
B uitdeelstuk
C plakkaat
D data-projektor

1.1.3 Die … maatskappy verskaf noodsaaklike dienste wat dalk nie deur die private sektor aangebied word nie.

A persoonlike-aanspreeklikheids-
B staatsbeheerde
C publieke
D privaat

1.1.4 Naidoo Handelaars het … as ŉ King Kode-beginsel toegepas, toe hulle regstellende programme ontwikkel het om die omgewing te beskerm en besoedeling te verminder.

A verantwoordelikheid
B deursigtigheid
C aanspreeklikheid
D dissipline

1.1.5 Die rol van die … is om te verseker dat alle toerusting wat nodig is om werk te verrig, voorsien word.

A werknemers
B werkgewer
C gesondheids- en veiligheidsverteenwoordiger
D produksiebestuurder (5 x 2) (10)

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| aggressiewe; armoede; beperkte; skuldbriewe; negatiewe; skadeloosstelling; aandele; werkloosheid; onbeperkte; sekuriteitstelling |

1.2.1 Fantasties Beperk het … uitgereik om leningskapitaal by die publiek te verkry.

1.2.2 BD Versekeraars het die beginsel van … toegepas toe hulle Styl Winkels vergoed het vir verliese weens ŉ inbraak gely.

1.2.3 Die persoonlike bates van aandeelhouers kan nie verkoop word om die skuld van die publieke maatskappy te delg weens bankrotskap nie. Dit verwys na … aanspreeklikheid.

1.2.4 Besighede hanteer … as ŉ sosio-ekonomiese kwessie deur beurse aan die gemeenskap te bied om die vlak van onderwys te verbeter.

1.2.5 Sipho hanteer Ann as ŉ … persoon deur na haar te luister sonder om met haar saam te stem. (5 x 2) (10)



Hosted by www.ecexams.co.za.

1.3 Kies ʼn beskrywing uit KOLOM B wat by ʼn term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 K.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Leierskap | A verwys na wat reg of verkeerd in ʼn besigheid is |
| 1.3.2 Effektetrusts | B beleggings wat burgers die geleentheid bied om in die regering te belê |
| 1.3.3 Etiese gedrag | C spanlede versamel inligting oor mekaar |
| 1.3.4 Stel van norme | D gebruik ʼn motiverende benadering met werknemers |
| 1.3.5 Kragveld-ontleding | E werknemers genereer stilweg idees op hulle eie voordat hulle dit met ander deel |
| | F spanlede kom tot ʼn ooreenkoms en bereik konsensus |
| | G gebruik ʼn instruksie-benadering met werknemers |
| | H werknemers oorweeg al die ondersteunende en opponerende idees vir verandering |
| | I verwys na die beginsel van wat reg en verkeerd is in die samelewing |
| | J beleggings wat saamgevoeg word in ʼn portefeulje wat deur ʼn kundige bestuur word |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 30**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet boaan ŉ NUWE bladsy begin, byvoorbeeld VRAAG 2 op ŉ NUWE bladsy, VRAAG 3 op ŉ NUWE bladsy.

**VRAAG 2: BESIGHEIDSGELEENTHEDE**

2.1 Noem enige VIER faktore wat in ag geneem moet word wanneer beleggingsbesluite geneem word. (4)

2.2 Beskryf kortliks die voordele van die transaksionele leierskapstyl. (4)

2.3 Identifiseer die leierskapsteorie wat deur Temba toegepas word om sy werknemers te bestuur in ELKE stelling hieronder:

2.3.1 Temba gebruik verskillende leierskapstyle in verskillende omstandighede. (2)

2.3.2 Temba lei deur ŉ voorbeeld te stel en beloon positiewe gedrag. (2)

2.4 Verduidelik die voordele van versekering vir besighede. (6)

2.5 Bespreek die areas van verbetering in die volgende aanbieding. (4)

2.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **DELI BEPERK (DB)** |
|---|
| Zuki, die bemarkingsbestuurder van Deli Beperk, maak voorbereidings om ŉ sakeverslag aan die raad van direkteure voor te lê. Sy is ten volle vertroud met die doelwitte van die aanbieding. Zuki het begin deur haarself voor te stel om haar geloofwaardigheid te bevestig. Sy het ook blaaiborde gemaak as ŉ visuele hulpmiddel om haar inligting te ondersteun. |

2.6.1 Haal TWEE faktore aan wat Zuki in ag geneem het toe sy vir haar aanbieding in die scenario hierbo voorberei het. (2)

2.6.2 Verduidelik die impak van blaaiborde as ŉ visuele hulpmiddel. (4)

2.7 Bespreek die voordele van ŉ maatskappy sonder winsoogmerk. (4)

2.8 Gee besighede raad oor hoe die volgende kriteria tot die sukses en/of mislukking van ŉ vennootskap kan bydra:

2.8.1 Wetgewing (4)

2.8.2 Kapitaal (4)
**[40]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 3: BESIGHEIDSROLLE

3.1 Noem VIER korporatiewe maatskaplike investering (KMI)-fokusareas. (4)

3.2 Brei uit oor die belangrikheid van spandinamika-teorieë in die verbetering van spanprestasie. (4)

3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**LIRA HANDELAARS (LH)**

Die bestuur van Lira Handelaars het Vuvu aangestel om aan hul advertensieveldtog te werk. Vuvu het Ashley, Carston en Chantel gevra om saam met hom aan die projek te werk. Vuvu gee krediet aan lede vir hul positiewe bydrae. Hy verseker ook dat alle spanlede respek teenoor mekaar toon ten spyte van hul verskille.

Identifiseer TWEE kriteria vir suksesvolle spanprestasie deur Lira Handelaars vertoon. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 3.3 te beantwoord.

| KRITERIA VIR SUKSESVOLLE SPANPRESTASIE | MOTIVERINGS |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

(6)

3.4 Verduidelik maniere waarop besighede 'n omgewing kan skep wat kreatiewe denke in die werkplek bevorder. (4)

3.5 Bespreek die impak van korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid (KMV) op besighede. (6)

3.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**NORMAN ONDERNEMINGS (NO)**

Die bestuur van Norman Ondernemings hanteer verskillende tipes onprofessionele sakepraktyke van hul werknemers. Hulle praat direk met al die werknemers wat verlengde middagete-pouses neem. NO onderrig ook alle werknemers oor die impak van bedrog. Hulle verseker dat die gedragskode deur alle werknemers onderteken word wat hulle bewus maak van die inhoud daarvan.

3.6.1 Haal TWEE maniere aan waarop NO misbruik van werktyd as 'n tipe onprofessionele sakepraktyk hanteer, uit die scenario hierbo. (2)

3.6.2 Beskryf ander maniere waarop NO misbruik van werktyd as 'n tipe onprofessionele sakepraktyk kan hanteer. (4)

3.7 Bespreek die verhouding tussen maatskaplike verantwoordelikheid en drievoudige sleutelaspekte. (6)

3.8 Beveel maniere aan waarop professionele, verantwoordelike, etiese en effektiewe sakepraktyk uitgevoer behoort te word. (4)

**[40]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

### BESIGHEIDSGELEENTHEDE

4.1 Gee enige VIER voorbeelde van nieversekerbare risiko's. (4)

4.2 Beskryf kortliks die aspekte wat in ag geneem moet word wanneer ŉ multimedia-aanbieding ontwerp word. (4)

4.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **VALLEI HOTEL (VH)** |
|---|
| Sethu, die eienaar van Vallei Hotel, pas die demokratiese leierskapstyl toe. Sy laat werknemers toe om aan besluitneming deel te neem. Sy verstaan dat die regte houding die regte atmosfeer skep. Sethu weerspieël ook die gedrag wat sy in haar volgelinge wil sien. |

4.3.1 Haal TWEE rolle van persoonlike houding in suksesvolle leierskap aan wat deur Sethu in die scenario hierbo vertoon word. (2)

4.3.2 Gee Sethu raad oor situasies waarin die demokratiese leierskapstyl in die werkplek toegepas kan word. (6)

4.4 Bespreek *aannemingsvoordele* as ŉ soort voordeel wat deur die Werkloosheidsversekeringsfonds uitbetaal word. (4)

### BESIGHEIDSROLLE

4.5 Noem enige VIER menseregte in die werkplek. (4)

4.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **DEKKER VERWE (DV)** |
|---|
| Dekker Verwe ervaar ŉ groot hoeveelheid klagtes van klante oor hul verf wat afdop. DP het ŉ paneel van kundiges versoek om ŉ stel vraelyste te voltooi om ŉ oplossing vir hul probleem te vind. |

4.6.1 Noem die probleemoplossingstegniek wat DV in die scenario hierbo toegepas het. (2)

4.6.2 Verduidelik die voordele van kreatiewe denke in die werkplek. (6)

4.7 Bespreek hoe *onbillike advertensies* as ŉ tipe onetiese sakepraktyk uitdagings vir besighede inhou. (4)

4.8 Gee besighede raad oor hoe hulle konflik in die werkplek moet hanteer. (4)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING C

Beantwoord ENIGE EEN vraag in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van die vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op die vraag moet op ŉ NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 5 op ŉ NUWE bladsy OF VRAAG 6 op ŉ NUWE bladsy.

### VRAAG 5: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (BELEGGING: SEKURITEITE)

Voorkeuraandeelhouers is geregtig op sekere regte wat met hul belegging verband hou. Verskillende beleggingsvorme impak beleggers verskillend. Belegging in ŉ vaste deposito bied beleggers die geleentheid om te besluit of hulle enkelvoudige rente of saamgestelde rente wil ontvang. Sommige beleggers belê in maatskappye wat op die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSE) genoteer is.

Skryf ŉ opstel oor belegging sekuriteite waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die regte van voorkeuraandeelhouers.
- Bespreek die impak van die volgende beleggingsvorme:
  - Aandele
  - Vaste deposito
- Onderskei tussen *enkelvoudige rente* en *saamgestelde rente*.
- Gee besighede raad oor die funksies van die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSE). **[40]**

### VRAAG 6: BESIGHEIDSROLLE (MENSEREGTE, INKLUSIWITEIT EN OMGEWINGSKWESSIES)

Daar word van besighede verwag om die ekonomiese regte van hul werknemers te respekteer. Die werkgewer is verantwoordelik om menslike gesondheid en veiligheid in die werkplek te bevorder. Besighede hanteer verskillende diversiteitskwessies om die voordele van ŉ diverse arbeidsmag te geniet.

Skryf ŉ opstel oor menseregte, inklusiwiteit en omgewingskwessies waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die ekonomiese regte van werknemers in die werkplek.
- Verduidelik die verantwoordelikhede van werkgewers om menslike gesondheid en veiligheid in die werkplek te bevorder.
- Bespreek maniere waarop besighede die volgende diversiteitskwessies in die werkplek kan hanteer:
  - Gestremdheid
  - Geslag
- Gee besighede raad oor die voordele van diversiteit in die werkplek. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

Hosted by www.ecexams.co.za.

Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2024

# BESIGHEIDSTUDIES V2 NASIENRIGYN

**PUNTE: 150**

More Recourses

Testpapers.co.za Exam Papers / Study Guides / Summaries / Tutoring

TestpapersPro.co.za Study Notes / Quizzes / Flashcards / Exam Questions

## NOTAS AAN NASIENERS

## INLEIDING

Die notas aan nasieners word voorsien vir gehalteversekeringsdoeleindes om die volgende te verseker:

(a) Regverdigheid, konsekwentheid en betroubaarheid in die nasienstandaard
(b) Fasiliteer die moderering van kandidate se skrifte op verskillende vlakke
(c) Vereenvoudig die nasienproses met inagneming van die breë spektrum nasieners oor die hele land
(d) Implementeer toepaslike maatreëls in die onderrig, leer en assessering van die vak by skole/onderwysinstellings

1. Kandidate se antwoorde vir AFDELING B en C moet in volsinne wees. Dit sal egter van die aard van die vraag afhang.

2. Omvattende nasienriglyn word voorsien, maar dit is geensins volledig nie. Behoorlike oorweging moet gegee word aan ŉ antwoord wat korrek is, maar:

   - ŉ Ander uitdrukking gebruik as wat in die nasienriglyn gegee word
   - Uit ŉ ander betroubare bron kom
   - Oorspronklik is
   - ŉ Ander benadering gebruik

   **LET WEL: Daar is slegs EEN korrekte antwoord in AFDELING A.**

3. Neem kennis van ander verwante antwoorde deur kandidate verskaf, wat verband hou met ŉ spesifieke vraag en ken punte dienooreenkomstig toe. (In die geval waar die antwoord onduidelik is of ŉ mate van begrip aandui, moet deelpunte toegeken word, byvoorbeeld een punt in plaas van die maksimum van twee punte.)

4. Die woord 'Sub-maks' word gebruik om die toekenning van punte binne ŉ vraag of subvraag te vergemaklik.

5. Die doel daarvan om punte aan die regterkant te omkring (gelei deur 'maks' in die uiteensetting van die punte) is om konsekwentheid en akkuraatheid te verseker met die nasien van die skrifte, as ook vir berekening en die modereringsproses.

6. Subtotale van vrae moet in die regterkantlyn geskryf word. Omkring die subtotale, soos aangedui by die toekenning van punte. Dit moet deur 'maks.' in die nasienriglyn van punte gelei word. Slegs die totaal vir elke antwoord moet in die linkerkantlyn langs die toepaslike vraagnommer verskyn.

7. In ŉ indirekte vraag moet die teorie en die antwoorde relevant en met die vraag verband hou.

8. Korrekte nommering van antwoorde van vrae of subvrae in AFDELING A en B word sterk aanbeveel. Indien die nommering verkeerd is, volg die volgorde van die kandidaat se antwoorde. Kandidate sal gepenaliseer word, indien laasgenoemde nie duidelik is nie.

9. Geen addisionele krediet moet vir die herhaling van feite gegee word nie. Dui aan met ŉ 'H'.



Hosted by www.ecexams.co.za.

10. Die verskil tussen 'evalueer' en 'kritiese evaluering' kan soos volg verduidelik word:

10.1 Wanneer 'evalueer' gevra word, word daar van kandidate verwag om te antwoord op óf 'n positiewe/negatiewe manier óf om 'n neutrale (positiewe en negatiewe) standpunt in te neem, bv. Positief: Die outokratiese leierskapstyl voorsien sterk leierskap √ wat nuwe werknemers selfvertroue gee en veilig laat voel.' √

10.2 Wanneer 'kritiese evaluering' gevra word, word daar van kandidate verwag om te antwoord op óf 'n positiewe/negatiewe manier óf om 'n neutrale (positiewe en negatiewe) standpunt in te neem. In hierdie geval word van kandidate ook verder verwag om hulle antwoorde te ondersteun met dieper insig, bv. Die outokratiese leierskapstyl voorsien sterk leierskap √ wat nuwe werknemers selfvertroue gee en veilig laat voel, √ omdat verwagtinge/rolle duidelik verduidelik is om verwarring te vermy. √

**LET WEL:** 1. Bogenoemde kan ook van toepassing wees op 'analiseer'.
2. Let op die plasing van die merkie (√) in die toekenning van punte.

11. Die toekenning van punte moet gelei word deur die aard van die vraag, kognitiewe werkwoord wat gebruik is, puntetoekenning in die nasienriglyn en die konteks van elke vraag.

Kognitiewe werkwoorde, soos:

11.1 Gee, noem, beskryf kortliks, haal aan, motiveer, aanbeveel, stel voor, adviseer (lys nie volledig nie) vereis gewoonlik nie veel diepte in kandidate se antwoorde nie. Die uiteensetting van punte vir elke stelling/antwoord sal dus aan die einde daarvan verskyn.

11.2 Definieer, beskryf, verduidelik, bespreek, brei uit, onderskei, toon verskille/ differensieer, vergelyk, tabuleer, analiseer, evalueer, evalueer krities (lys nie volledig nie) vereis meer diepgaande begrip, toepassing en beredenering. Die punte moet dus meer objektief toegeken word om te verseker dat assessering volgens die vasgestelde norme geskied, sodat eenvormigheid, konsekwentheid en regverdigheid behaal kan word.

12. Sien slegs die EERSTE antwoord na waar kandidate meer as een antwoord in AFDELING B en C gee waar slegs een antwoord gevra word.

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

13. **AFDELING B**

13.1 Indien, byvoorbeeld, VYF feite vereis word, sien die kandidaat se EERSTE VYF antwoorde na en ignoreer die res van die antwoorde. Dui dit aan deur ʼn lyn deur die nie-nagesiende gedeelte te trek.

**LET WEL:** 1. Dit is slegs van toepassing waar die getal feite gespesifiseer word.
2. Die bostaande is ook van toepassing op antwoorde in AFDELING C (waar van toepassing).

13.2 Indien twee feite in een sin geskryf word, gee VOLLE krediet aan die kandidaat. Punt 13.1 geld steeds.

13.3 Indien daar van kandidate verwag word om hulle eie voorbeelde/menings te gee, beredeneer dit om die alternatiewe antwoorde te finaliseer.

13.4 **Gebruik van kognitiewe werkwoorde en toekenning van punte:**

13.4.1 Waar die getal feite gespesifiseer word, vrae wat vereis dat kandidate moet 'beskryf/bespreek/verduidelik', kan dit soos volg nagesien word:

- Feit2 punte (of soos aangedui in die nasienriglyn)
- Verduideliking 1 punt (twee punte sal in AFDELING C toegeken word)

Die 'feit' en 'verduideliking' word apart in die nasienriglyn gegee om die toekenning van punte te vergemaklik.

13.4.2 Indien die getal feite nie gespesifiseer word nie, moet puntetoekenning gelei word deur die aard van die vraag en die maksimum punte in die nasienriglyn toegeken.

13.5 **EEN punt kan toegeken word vir antwoorde wat maklik is om te herroep, wat een woord as antwoord vereis of wat direk aangehaal word uit ʼn scenario/gevallestudie. Dit is spesifiek van toepassing op AFDELING B EN C (waar van toepassing).**

14. **AFDELING C**

14.1 Die punte-uiteensetting vir die opsteltipe vrae is soos volg:

| | |
|---|---|
| Inleiding | **Maksimum: 32** |
| Inhoud | |
| Gevolgtrekking | |
| Insig | **8** |
| **TOTAAL** | **40** |



Hosted by www.ecexams.co.za.

14.2 Insig bestaan uit die volgende komponente:

| | | |
|---|---|---|
| Struktuur/Uitleg | Is daar ŉ inleiding, paragrawe en ŉ gevolgtrekking? | **2** |
| Analise en interpretasie | Is die kandidaat in staat om die vraag in opskrifte/sub-opskrifte te ontleed/korrek te interpreteer sodat begrip van wat gevra word, getoon word?<br>Punte toegeken volgens die gids hieronder:<br>Alle opskrifte aangespreek: 1 (Een 'A')<br>Interpretasie (16 tot 32 punte): 1 (Een 'A') | **2** |
| Sintese | Is daar relevante besluite/feite/antwoorde gemaak wat op die vrae gebaseer is?<br>Punte toegeken volgens die gids hieronder:<br>Opsie 1: **Slegs relevante feite: 2 punte (Geen '-S')**<br>Waar 'n kandidaat 50% of meer (twee tot vier subvrae) van die vraag met slegs relevante feite beantwoord het, verskyn geen '-S' in die linkerkantlyn nie. Ken die maksimum van TWEE (2) punte vir sintese toe.<br>Opsie 2: **ŉ Paar relevante feite: 1 punt (Een '-S')**<br>Waar ŉ kandidaat minder as 50% (slegs een subvraag) van die vraag met slegs/ŉ paar relevante feite beantwoord het, verskyn een '-S' in die linkerkantlyn. Ken ŉ maksimum van EEN (1) punt vir sintese toe.<br>Opsie 3: **ŉ Paar relevante feite: 1 punt (Een '-S')**<br>Waar ŉ kandidaat VIER subvrae beantwoord, maar een/twee/drie subvrae met irrelevante feite; verskyn een '-S' in die linkerkantlyn. Ken 'n maksimum van EEN (1) punt vir sintese toe.<br>Opsie 4: **Geen relevante feite: 0 punte (Twee '-S')**<br>Waar ŉ kandidaat minder as 50% (slegs een sub-vraag) van die vraag met irrelevante feite beantwoord het nie, verskyn twee '-S' in die linkerkantlyn. Ken ŉ NULPUNT vir sintese toe. | **2** |
| Oorspronklikheid | Is daar bewyse van een of twee voorbeelde, nie ouer as twee (2) jaar nie, wat op aktuele inligting, huidige neigings en ontwikkelings gebaseer is? | **2** |
| | **TOTAAL VIR INSIG:** | **8** |
| | **TOTALE PUNTE VIR FEITE:** | **32** |
| | **TOTALE PUNTE VIR OPSTEL (8 + 32):** | **40** |

**LET WEL:**

1. **Geen punte sal toegeken word vir inhoud wat herhaal word uit die inleiding en gevolgtrekking nie.**

2. **Die kandidaat verbeur punte vir uitleg indien die woorde INLEIDING en GEVOLGTREKKING nie voorkom nie.**

3. **Geen punte sal toegeken word vir uitleg as die opskrifte INLEIDING en GEVOLGTREKKING/SLOT nie deur ŉ verduideliking ondersteun word nie.**



Hosted by www.ecexams.co.za.

14.3 Dui insig in die linkerkantse kantlyn aan met 'n simbool, bv. ('S, A, -S en/ of O').

14.4 Die komponente van insig word aan die einde van die voorgestelde antwoord/ nasienriglyn vir elke vraag aangedui.

14.5 Sien alle relevante feite na totdat die SUBMAKS/MAKS punte vir elke onder-afdeling behaal is. Skryf 'SUBMAKS'/'MAKS' nadat maksimum punte behaal is, maar lees verder vir oorspronklikheid 'O'.

14.6 Aan die einde van elke opstel, dui die toekenning van punte vir feite en punte vir insig soos volg aan: (S – Struktuur, A – Ontleding, S – Sintese, O – Oorspronklikheid) soos in die tabel hieronder aangedui.

| **INHOUD** | **PUNTE** |
|---|---|
| Feite | **32 (maks.)** |
| L | **2** |
| A | **2** |
| S | **2** |
| O | **2** |
| **TOTAAL** | **40** |

14.7 Wanneer punte vir feite toegeken word, neem kennis van die submaksimum wat aangedui word, veral as kandidate nie dieselfde subopskrifte gebruik nie. Onthou opskrifte en subopskrifte word aangemoedig en dra by tot insig (struktuur/logiese vloei/volgorde) en dui duidelikheid van denke aan. (Sien PUNTE-UITEENSETTING aan die einde van elke vraag.)

14.8 Indien die kandidaat die vraag VERKEERD identifiseer/interpreteer, kry hy/sy steeds punte vir die uitleg.

14.9 Indien 'n ander benadering deur kandidate gebruik word, maak seker dat antwoorde geassesseer word in ooreenstemming met die puntetoekenning/ subopskrifte soos aangedui in die nasienriglyne.

14.10 14.10.1 Ken TWEE punte toe vir volledige sinne. Ken EEN punt toe vir frases/sinsdele, onvoltooide sinne en vae antwoorde.

14.10.2 Met ingang van November 2015 sal die TWEE punte nie noodwendig aan die einde van elke voltooide sin getoon word nie. Punte (√) sal geskei wees en langs elke feit aangedui word, bv. 'Produkontwikkeling is 'n groeistrategie, √ waar ondernemings poog om nuwe produkte in bestaande markte bekend te stel.' √

Dit sal deur die aard en konteks van die vraag, sowel as die kognitiewe werkwoord wat gebruik is, gelei word.

14.11 Met ingang van November 2017 sal die maksimum van TWEE (2) punte vir feite in die nasienriglyne as opskrifte getoon, nie noodwendig vir elke vraag geld nie. Dit sal deur die aard van die vraag bepaal word.



Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING A

### VRAAG 1

1.1 1.1.1 C √√
1.1.2 D √√
1.1.3 B √√
1.1.4 A √√
1.1.5 C √√ (5 x 2) (10)

1.2 1.2.1 skuldbriewe √√
1.2.2 skadeloosstelling √√
1.2.3 beperkte √√
1.2.4 werkloosheid √√
1.2.5 negatiewe √√ (5 x 2) (10)

1.3 1.3.1 D √√
1.3.2 J √√
1.3.3 I √√
1.3.4 F √√
1.3.5 H √√ (5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**UITEENSETTING VAN PUNTE**

| VRAAG 1 | PUNTE |
|---|---|
| 1.1 | 10 |
| 1.2 | 10 |
| 1.3 | 10 |
| TOTAAL | 30 |



Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING B

**Sien slegs die EERSTE TWEE antwoorde na.**

### VRAAG 2: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

2.1 **Faktore wat in ag geneem moet word wanneer beleggingsbesluite geneem word**
- Opbrengs op belegging/OOB √
- Risiko √
- Beleggingstermyn/-periode √
- Inflasiekoers √
- Belasting √
- Likiditeit √

**LET WEL: Sien slegs die eerste VIER (4) na.** (4 x 1) (4)

2.2 **Voordele van die transaksionele leierskapstyl**
- Moedig werknemers aan om hard te werk omdat hulle belonings sal ontvang. √√
- Verbeter werknemers se produktiwiteit en moraal. √√
- Besigheidsdoelwitte/-doelwitte kan bereik word omdat werknemers gemotiveer word. √√
- Werknemers weet wat van hulle verwag word. √√
- Dissiplinêre aksieprosedures word goed gekommunikeer. √ √
- Enige ander relevante antwoord wat met die voordele van die transaksionele leierskapstyl verband hou. Maks. (4)

2.3 **Leierskapsteorieë vanuit die stellings**

2.3.1 Situasionele leierskapsteorie √√ (2)

2.3.2 Leiers en volgelinge √√ (2)

2.4 **Voordele van versekering vir besighede**
- Dra die risiko van die besigheid/versekerde √ na ʼn versekerings-maatskappy/ versekeraar oor. √
- Oordrag van risiko is onderhewig aan die voorwaardes en bepalings √ van die versekeringskontrak. √
- Beskerm besighede teen diefstal/verlies van voorraad en/of skade √ veroorsaak deur natuurrampe soos vloede/stormskade. √
- Beskerm besighede √ teen oneerlike werknemers. √
- Beskerm besighede teen eise wat deur lede van die publiek √ ingestel word vir skade waarvoor besighede verantwoordelik is. √
- Beskerm besighede teen verliese √ as gevolg van die dood van ʼn skuldenaar. √
- Besighede word beskerm teen die verlies aan verdienste, √ soos stakings deur werknemers wat tot verliese wat miljoene werd is, kan lei. √
- Besighede sal vergoed word vir versekerbare verliese √ soos die verwoesting van eiendom deur brande. √
- Besigheidsbates soos voertuie/toerusting/geboue moet √ teen skade en/of diefstal verseker wees. √
- Lewensversekering kan op die lewens van vennote in ʼn vennootskap geneem word √ om onverwagte verlies aan kapitaal te voorkom. √
- As die dienste van sleutelpersoneel verloor word as gevolg van ongelukke/ dood, √ kan die opbrengs van ʼn versekeringspolis aan die besigheid/ begunstigdes uitbetaal word. √



Hosted by www.ecexams.co.za.

- Vervangingskoste vir beskadigde masjinerie/toerusting is baie hoog, √ daarom kan versekering sulke koste verminder/dek. √
- Enige ander relevante antwoord wat met die voordele van versekering vir besighede verband hou.

Maks. (6)

2.5 **Areas van verbetering vir die volgende aanbieding**

- Die aanbieder moet die doelwitte √ wat nie behaal is nie, hersien. √
- Humor moet toepaslik √ gebruik word. √
- Wees altyd bereid om die inligting √ op te dateer/relevante inligting te behou. √
- Besin oor enige probleem/kritiek √ en vermy dit in toekomstige aanbiedings. √
- Besin oor die tyd/lengte van die aanbieding √ om inhoud by te voeg/verwyder. √
- Besin oor die logiese vloei √ van die formaat/skyfies/gebruik van visuele hulpmiddels. √
- Vermeerder/Verminder die gebruik van visuele hulpmiddels √ of verwyder hulpmiddels wat nie goed gewerk het nie. √
- Enige inligting wat die aanbieder as terugvoering van die aanbieding ontvang moet geanaliseer word √ en waar relevant inkorporeer/opdateer/wysig die aanbieding. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met areas van verbetering vir die volgende aanbieding.

Maks. (4)

2.6 **Aanbieding en datarespons**

2.6.1 **Faktore wat in ag geneem moet word wanneer daar vir 'n aanbieding voorberei word vanuit die scenario**

- Sy is ten volle vertroud met die doelwitte van die aanbieding. √
- Sy het ook blaaiborde gemaak as 'n visuele hulpmiddel om haar inligting te ondersteun. √

**LET WEL:**
1. **Sien slegs die eerste TWEE (2) na.**
2. **Ken slegs punte toe vir antwoorde wat in die scenario gegee is.**

(2 x 1) (2)

2.6.2 **Impak van blaaiborde**

**Positiewe/Voordele**

- Hoofsaaklik gebruik vir 'n klein gehoor √ om kort notas neer te skryf/ konsepte/idees te beklemtoon. √
- Aanbieders kan stelle bladsye vooraf voorberei √ om tyd tydens die aanbieding te bespaar. √
- Baie effektief in dinkskrumsessies √ aangesien voorstelle opgesom of genoem word. √
- In 'n verkoopsaanbieding kan dit tydens die terugvoersessie nuttig wees √ om hooffeite/-aspekte op te som wat die aanbieder vir opvolging benodig. √
- Aanbieders kan 'n opsomming van antwoorde maak √ wat van die belanghebbendes/gehoor ontvang is. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die positiewe impak/voordele van blaaiborde as 'n visuele hulpmiddel.

**EN/OF**



Hosted by www.ecexams.co.za.

**Negatiewe/Nadele**

- Daar mag nie genoeg tyd gedurende die aanbieding wees √ om skriftelike notas te maak nie, daarom word sommige idees nie genoem nie. √
- Handskrif mag onleesbaar/slordig wees √ wat dalk nie bydra tot ʼn professionele beeld/aanbieding nie. √
- Dit is dalk nie moontlik om blaaiborde voor die aanbieding voor te berei nie, √ dus kan dit ʼn warboel/chaoties word. √
- ʼn Blaaibord wat tydens aanbieding gebruik word, is dikwels nie goed geskryf nie √ en kan die belanghebbendes/gehoor verwar. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die negatiewe impak/nadele van blaaiborde as ʼn visuele hulpmiddel.

Maks. (4)

2.7 **Voordele van ʼn maatskappy sonder winsoogmerk**

- Opbrengste/Surplusfondse word slegs aangewend √ vir die primêre doelwit van die organisasie/die doelwitte van die besigheid te bevorder. √
- Hulle bied maatskaplike dienste √ aan verskeie gemeenskappe. √
- Borge ontvang belastingaftrekkings √ wat hulle dan motiveer om in ʼn maatskappy sonder winsoogmerk te belê. √
- Daar bestaan ʼn gevestigde bestuurstruktuur √ wat tot besigheidstabiliteit lei. √
- Die aanspreeklikheid van die lede is beperk √ wat addisionele lidmaatskap aanlok. √
- Het kontinuïteit van die voortbestaan √ wat die risiko van afsluiting verminder. √
- Meeste van die inkomste van ʼn maatskappy sonder winsoogmerk is vry √ van inkomstebelasting. √
- Kan regeringsbefondsing/vrystellings/hulp ontvang √ om hul dienste te lewer. √
- Enige ander relevante antwoord wat met die voordele van ʼn maatskappy sonder winsoogmerk verband hou.

Maks. (4)

2.8 **Kriteria wat bydra tot die sukses en/of mislukking van 'n vennootskap**

| | **SUKSESFAKTORE** | **EN/OF MISLUKKINGSFAKTORE** |
|---|---|---|
| **WETGEWING** | - Maklik en goedkoop om te stig aangesien vennote ʼn vennootskapsooreenkoms opstel. √√ | - Onbeperkte aanspreeklikheid/ vennote is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik is vir die skuld van die besigheid. √√ |
| | - Vennote is meer gemotiveerd wees om ʼn sukses te maak, omdat hulle persoonlike besittings op die spel is. √√ | - Indien een vennoot sterf of aftree, moet die oorblywende vennoot ʼn nuwe ooreenkoms aangaan. √√ |
| | - Geen regsvereistes oor die naam van die besigheid nie. √√ | - ʼn Mondelingse ooreenkoms tussen vennote kan konflik tussen die vennote veroorsaak. √√ |
| | - Slegs onderhewig aan voorsienings van die Inkomste-belasting wet indien vergelyk word met maatskappye. √√ | - ʼn Vennootskap is nie regsentiteit nie en kan nie dagvaar of gedagvaar word nie. √√ |
| | - Enige ander relevante antwoord wat verband hou met hoe wetgewing as ʼn kriteria tot die sukses van ʼn vennootskap kan bydra. | - Enige ander relevante antwoord wat verband hou met hoe wetgewing as ʼn kriteria tot die mislukking van ʼn vennootskap kan bydra. |

Maks. (4)



Hosted by www.ecexams.co.za.

| | SUKSESFAKTORE EN/OF | MISLUKKINGSFAKTORE |
|---|---|---|
| KAPITAAL | - Kapitaal kan versigtig deur vennote gespandeer en bestuur word. √√ | - Vennote mag dalk nie almal kapitaal hê om in die besigheid te sit wanneer dit nodig word nie. √√ |
| | - Meer as een vennoot kan ’n bydra tot kapitaal maak. √√ | - Ongelyke insette omdat sommige vennote vaardighede bydra in plaas van kontant. √√ |
| | - Enige ander relevante antwoord wat verband hou met hoe kapitaal as ’n kriteria tot die sukses van ’n vennootskap kan bydra. | - Enige ander relevante antwoord wat verband hou met hoe kapitaal as ’n kriteria tot die mislukking van ’n vennootskap kan bydra. |

Maks. (4)

**LET WEL: 1. Die antwoord hoef nie in tabelvorm te wees nie.**
**2 Sien of sukses- EN/OF mislukking van ELKE faktor na.**

**[40]**

**UITEENSETTING VAN PUNTE**

| VRAAG 2 | PUNTE |
|---|---|
| 2.1 | 4 |
| 2.2 | 4 |
| 2.3 | 4 |
| 2.4 | 6 |
| 2.5 | 4 |
| 2.6.1 | 2 |
| 2.6.2 | 4 |
| 2.7 | 4 |
| 2.8.1 | 4 |
| 2.8.2 | 4 |
| TOTAAL | 40 |



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 3: BESIGHEIDSROLLE

3.1 **KMI-fokusareas**
- Gemeenskappe √
- Landelike ontwikkeling √
- Werknemers √
- Omgewing √

**LET WEL: Sien slegs die eerste VIER (4) na.**

(4 x 1) (4)

3.2 **Belangrikheid van spandinamika-teorieë in die verbetering van spanprestasie**
- Spandinamiese teorieë verduidelik hoe √ effektiewe spanne werk. √
- Besighede kan take toeken √ in ooreenstemming met die rolle van die spanlede. √
- Spanlede kan prestasie maksimaliseer √ omdat take volgens hulle vermoëns/ vaardighede/eienskappe/persoonlikhede, toegewys word. √
- Spanlede met soortgelyke sterkpunte √ mag meeding vir spantake. √
- Teorieë help spanleiers om die persoonlikheidstipes van die spanlede te verstaan √ sodat take meer doeltreffend toegewys word. √
- Konflik kan verminder word √ as spanlede verskillende rolle verrig. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die belangrikheid van spandinamika-teorieë in die verbetering van spanprestasie.

Maks. (4)

3.3 **Kriteria vir suksesvolle spanprestasie vanuit die scenario**

| KRITERIA VIR SUKSESVOLLE SPANPRESTASIE | MOTIVERINGS |
|---|---|
| 1. Interpersoonlike gesindhede en gedrag √√ | Vuvu gee krediet aan lede vir hul positiewe bydrae. √ |
| 2. Gedeelde waardes √√ | Hy verseker ook dat alle spanlede respek teenoor mekaar toon ten spyte van hul verskille. √ |
| Sub-maks. (4) | Sub-maks. (2) |

**LET WEL:**
1. **Sien slegs die eerste TWEE (2) na.**
2. **Die antwoord hoef nie in tabelformaat te wees nie.**
3. **Ken punte toe vir die kriteria vir suksesvolle spanprestasie selfs as die aanhalings onvolledig was.**
4. **Geen punte word vir die motiverings toegeken indien die kriteria vir suksesvolle spanprestasie verkeerd geïdentifiseer was nie.**

Maks. (6)


Hosted by www.ecexams.co.za.

3.4 **Maniere waarop besighede ’n omgewing kan skep wat kreatiewe denke bevorder**

- Moedig alternatiewe maniere √ van werk/dinge doen aan. √
- Beklemtoon die belangrikheid van kreatiewe denke √ deur te verseker dat alle personeellede weet dat hulle idees gehoor sal word. √
- Maak tyd vir dinkskrumsessies √ om nuwe idees te ontwikkel/genereer, soos gereelde werkswinkels/bou voort op mekaar se idees. √
- Plaas voorstelhouers op verskeie plekke in die werkplek √ en hou kommunikasiekanale oop vir nuwe idees. √
- Lei personeel op in innoverende tegnieke √ soos kreatiewe probleemoplossingsvaardighede/geheuekaarte/laterale denke. √
- Moedig posuitruilings √ binne die organisasie aan. √/Bestudeer hoe ander besighede √ dinge doen. √
- Reageer entoesiasties op alle idees √ en laat niemand minderwaardig voel nie. √
- Beloon kreatiwiteit deur beloningskemas √ aan werknemers te bied. √/Bekend-stelling van aansporings vir personeellede √ wat kreatiewe ideas voorgestel het. √
- Skep ’n werksomgewing wat kreatiwiteit bevorder √ vry van afleidings/hoë geraasvlakke. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met maniere waarop besighede 'n omgewing kan skep wat kreatiewe denke in die werkplek bevorder.

Maks. (4)

3.5 **Impak van korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid (KMV) op besighede**

**Positiewe/Voordele**

- Kan ervare werknemers lok/vergroot die poel van geskoolde arbeid √ wat tot verhoogde produktiwiteit kan lei. √
- ’n Positiewe/Verbeterde beeld hê aangesien die besigheid na die werkers omsien √ en op ’n verantwoordelike wyse optree. √
- Besighede kan ’n mededingende voordeel hê, √ wat tot goeie publisiteit/’n verbeterde reputasie kan lei. √
- Bevorder klante-lojaliteit √ wat tot verhoogde verkope lei. √
- KMV-projekte kan as ’n bemarkingstrategie gebruik word √ om hulle produkte te bevorder. √
- Besighede geniet die goedgunstigheid/ondersteuning √ van gemeenskappe. √
- KMV-projekte bevorder spanwerk √ tussen werknemers in besighede. √
- KMV help om beleggers te lok √ as gevolg van verhoogde winste/inkomste/ groei. √
- Besighede kan belastingvoordele √ soos belastingvermindering/-afslag ontvang. √
- Met besighede wat vrywillig aan KMV projekte deelneem, √ is die kanse minder dat die regering dié kwessies deur wetgewing sal afdwing. √
- Werknemers voel dat hulle ’n verskil maak √ deur vir die besigheid te werk. √
- Dit help om personeel te behou/laer personeelomset √ omdat daar na werknemers se gesondheid/veiligheid omgesien word. √
- Verbeter die gesondheid van hul werknemers √ deur gefokusde KMV-projekte. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die positiewe impak/ voordele van KMV op besighede.

**EN/OF**



Hosted by www.ecexams.co.za.

**Negatiewe/Nadele**

- Besighede mag dalk nie ondersteun word/Klante mag dalk nie hul produkte/dienste koop nie, √ wat tot 'n afname in verkope kan lei. √
- Klein en medium-ondernemings vind dit moeilik √ om KMV-programme te implementeer. √
- Breedvoerige verslae moet opgestel word √ wat tydrowend kan wees. √
- Maatskaplike besteding verminder sake-/ekonomiese doeltreffendheid √ en hulle word minder mededingend. √
- Maatskaplike betrokkenheid word betaal uit besigheidswinste, √ wat tot die voordeel van klante gebruik kon word/pryse te verlaag. √
- KMV-aktiwiteite lei die besigheid se fokus weg √ van sy kernbesigheids-funksies. √
- Besighede vind dit moeilik √ om aan KMV-wetgewing te voldoen. √
- Dit kan die finansiële risiko verhoog, √ omdat programme geld kos en kan negatief op winste inwerk. √
- Dit is moeilik om die doeltreffendheid √ van maatskaplike investering akkuraat te meet. √
- Dit is nie maklik om gemeenskappe se werklike behoeftes te bepaal nie, √ wat tot nuttelose uitgawes op KMV kan lei. √
- Meeste bestuurders is nie opgelei/het nie ondervinding √ om maatskaplike/ sosiale programme te hanteer nie. √
- Werknemers kan meer tyd aan KMV-projekte spandeer, √ in plaas daarvan om op hul kernpligte te konsentreer. √
- Voorsiening van goedere/dienste wat verbruikers se behoeftes bevredig, √ is volgens sommige belangegroepe, reeds maatskaplik/sosiaal verantwoordelik. √
- Aandeelhouers/Belanghebbendes kan minder dividende ontvang, √ omdat van die wins op KMV spandeer word. √
- Sommige aandeelhouers/belanghebbendes kan hul ondersteuning aan die besigheid onttrek, √ omdat hulle voel dat maatskaplike/ sosiale kwessies die regering se verantwoordelikheid is. √
- Enige ander relevante antwoord wat met negatiewe impak/nadele van KMV op besighede verband hou.

Maks. (6)

3.6 **Maniere waarop besighede misbruik van werktyd kan hanteer**

3.6.1 **Maniere waarop ’n besigheid misbruik van werktyd kan hanteer vanuit die scenario**

- Hulle praat direk met al die werknemers wat verlengde middagete-pouses neem. √
- Hulle verseker dat die gedragskode deur alle werknemers onderteken word wat hulle bewus maak van die inhoud daarvan. √

**LET WEL:** **1. Sien slegs die eerste TWEE (2) na.**
**2. Ken slegs punte toe vir antwoorde wat in die scenario gegee is.**

Maks. (2)

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

3.6.2 **Ander maniere waarop ’n besigheid misbruik van werktyd kan hanteer**

- Gedrags-/Etiese kode behoort duidelike reëls √ wat misbruik van werktyd aanspreek, te bevat. √
- Besigheid moet opleiding doen √ oor die inhoud van die gedrags-/ etiese kode. √
- Die besigheid moet werknemers monitor √ om te verseker dat take wel afgehandel word. √
- Besigheid moet werksure sodanig struktureer √ dat werknemers vrye/ buigsame tyd vir persoonlike sake het. √
- Die besigheid moet ’n kultuur van verantwoordelikheid skep/versterk spangees sodat alle werknemers √ verantwoordelik sal voel vir wat bereik moet word. √
- Herinner werknemers dat die winste sal daal √ wat tot laer belonings/ bonus uitbetalings kan lei. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met ander maniere waarop besighede misbruik van werktyd as ’n tipe onprofessionele sakepraktyk kan hanteer.

**LET WEL: Geen punte moet toegeken word vir antwoorde wat in die scenario in VRAAG 3.6.1 aangehaal is nie.**

Maks. (4)

3.7 **Verhouding tussen maatskaplike verantwoordelikheid en drievoudige sleutelaspekte**

**Wins/Ekonomies** √

- Drievoudige sleutelaspekte beteken dat besighede nie net op wins moet fokus nie/hef van hoër pryse nie, maar moet ook in KMB/KMI-projekte belê. √
- Besighede behoort nie wins te maak ten koste van die gemeenskap nie. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die verhouding tussen maatskaplike verantwoordelikheid en wins/ekonomies as ’n drievoudige sleutelaspek.

Sub-maks. (2)

**Persone/Maatskaplik** √

- Sakebedrywighede behoort nie ’n negatiewe impak op/uitbuit van mense/ werknemers/klante/gemeenskap te hê nie √
- Besighede behoort betrokke te raak/belê in volhoubare gemeenskaps-programme/projekte wat gemeenskappe sal bevoordeel/ophef. √
- Verbeter die lewensstyl/lewenskwaliteit van hulle menslike hulpbronne/ werkers. √
- Enige ander relevante antwoord wat met die verhouding tussen maatskaplike verantwoordelikheid en persone/maatskaplik as ’n drievoudige sleutelaspek verband hou.

Sub-maks. (2)

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

**Planeet/Omgewing** √
- Besighede moet nie hulpbronne uitput/die omgewing beskadig vir produksie-/ winsdoeleindes nie. √
- Hulle kan energie-besparende/omgewingsvriendelike produkte/produksie-metodes ondersteun. √
- Herwin/Hergebruik afval soos die verpakking van herwonne materiaal. √
- Enige ander relevante antwoord wat met die verhouding tussen maatskaplike verantwoordelikheid en planeet/omgewing as ʼn drievoudige sleutelaspek verband hou.

Sub-maks. (2)
Maks. (6)

3.8 **Maniere waarop professionele, verantwoordelike, etiese en effektiewe sakepraktyke uitgevoer behoort te word**
- Missiestelling moet die waardes gelykheid/respek insluit. √√
- Besighede moet alle werknemers dieselfde behandel, ongeag ras/kleur/ ouderdom/geslag/gestremdheid. √√
- Behandel werkers met respek/waardigheid deur werk wat goed gedoen is/die waarde van mensekapitaal te erken. √√
- Beplan deeglik en stel voorkomende maatreëls in. √√
- Betaal regverdige lone/salarisse wat met die minimum vereistes van die WBDV ooreenkom/vergoed werknemers vir oortyd/werk op openbare vakansiedae. √√
- Raak betrokke by omgewingsbewaringsprogramme/Moet nie die omgewing besoedel nie, bv. deur op wettige wyse giftige afval te vernietig. √√
- Moet nie 'n onderneming begin met ander besighede se idees wat deur die wet beskerm word nie. √√
- Besigheidsbesluite en -aksies moet duidelik/deursigtig vir alle belanghebbendes wees. √√
- Besighede moet aanspreeklik/verantwoordelik wees vir hulle besluite en aksies /patenteregte. √√
- Stel eerlike/betroubare rekenmeesters/finansiële beamptes aan met goeie getuigskrifte. √√
- Gereelde/Betydse betaling van belasting. √√
- Alle werknemers moet toegang tot gelyke geleenthede/posisies/hulpbronne hê. √√
- Verseker dat die werknemers in 'n werksomgewing werk wat bevordelik is vir veiligheid/gelykheid/vry van vernedering. √√
- Werkgewers en werknemers moet aan wetgewing rakende gelyke geleenthede/menseregte in die werkplek voldoen. √√
- Opleiding/Inligting/Besigheidsbeleide moet kwessies soos diversiteit/ diskriminasie/teistering insluit. √√
- Werkgewers moet spoedig en regverdig op voorvalle van diskriminasie wat in die werkplek aangemeld is, reageer. √√
- Opdragte/Take moet met oorleg/respek gegee word en die ontvanger/ werknemer toelaat om inspraak te hê op die manier waarop die taak uitgevoer moet word. √√
- Stel ʼn etiese kode/gedragskode op. √√



Hosted by www.ecexams.co.za.

- Deurlopende ontwikkeling en opleiding vir alle werknemers. √√
- Prestasiebestuurstelsels/Evaluering moet ingestel word. √√
- Genoegsame interne beheer/monitering/evaluering. √√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met maniere waarop professionele, verantwoordelike, etiese en effektiewe sakepraktyke uitgevoer behoort te word.

Maks. (4)
**[40]**

**UITEENSETTING VAN PUNTE**

| VRAAG 3 | PUNTE |
|---|---|
| 3.1 | 4 |
| 3.2 | 4 |
| 3.3 | 6 |
| 3.4 | 4 |
| 3.5 | 6 |
| 3.6.1 | 2 |
| 3.6.2 | 4 |
| 3.7 | 6 |
| 3.8 | 4 |
| TOTAAL | 40 |



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

## BESIGHEIDSGELEENTHEDE

4.1 **Voorbeelde van nieversekerbare risiko's**
- Kernwapens/oorlog/aardbewings √
- Veranderings in modes √
- Verbeterings/Veranderinge in tegnologie √
- Oninbare skulde √
- Finansiële verliese as gevolg van swak bestuur √
- Moontlike mislukking van 'n besigheid √
- Winkeldiefstal tydens besigheidsure √
- Verlies aan inkomste indien voorraad nie betyds ontvang word nie√/ Tydsverskil tussen die plasing en aflewering van bestellings. √
- Verliese/skade gely as gevolg van onwettige bemarkingsaktiwiteite √
- Enige ander relevante voorbeelde van nieversekerbare risiko's.

**LET WEL: Sien slegs die eerste VIER (4) na.** (4 x 1) (4)

4.2 **Aspekte wat in ag geneem moet word wanneer 'n multimedia-aanbieding ontwerp word**
- Begin met die teks/opskrif wat die basis van die aanbieding vorm. √√
- Selekteer 'n agtergrond wat die teks aanvul/verbeter. √√
- Kies beelde wat die boodskap van die aanbieding ondersteun. √√
- Sluit in/Skep grafiese beelde wat die oordag van inligting ondersteun. √√
- Voeg spesiale effekte/klank/prente/animasies by, om dit vir die gehoor interessant te maak. √√
- Skep hiperskakels om vinnige toegang tot ander lêers/dokumente/videogrepe te verkry. √√
- Gebruik leesbare lettertipe en lettergrootte sodat dit maklik gesien/gelees kan word. √√
- Hou die skyfies/beelde/grafiese voorstelle/lettertipe eenvoudig deur nie verskillende style/kleure te gebruik nie. √√
- Verseker dat daar geen taal- en spelfoute is nie. √√
- Gebruik helder kleure om sigbaarheid te verhoog. √√
- Struktureer inligting in logiese volgorde sodat die gehoor die inhoud van die aanbieding maklik kan volg. √√
- Beperk die inligting op elke skyfie deur slegs kernwoorde en nie volsinne te gebruik nie. √√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die aspekte wat in ag geneem moet word wanneer 'n multimedia-aanbieding ontwerp word.

Maks. (4)

4.3 **Bestuur en leierskap**

4.3.1 **Rolle van persoonlike houding in suksesvolle leierskap vanuit die scenario**
- Sy verstaan dat die regte houding die regte atmosfeer skep. √
- Sethu weerspieël ook die gedrag wat sy in haar volgelinge wil sien. √

**LET WEL:**
1. **Sien slegs die eerste TWEE (2) na.**
2. **Ken slegs punte toe vir antwoorde wat in die scenario gegee is.**

Maks. (2)



Hosted by www.ecexams.co.za.

4.3.2 **Situasies waarin die demokraitese leierskapstyl in die werkplek toegepas kan word**

Hierdie leierskapstyl kan gebruik word wanneer:

- groepslede is vaardig/ervare/kundiges en gretig is om hulle idees te deel. √√
- die leier nie al die nodige inligting het nie en werknemers waardevolle inligting het om by te dra. √√
- die leier sy/haar beperkings om besluite te neem ken en toeganklik is vir nuwe idees/innoverende denke. √√
- samewerking benodig word tussen die leier en die span. √√
- besluite moet vanuit verskeie perspektiewe beskou word. √√
- innoverende en kreatiewe idees benodig word. √√
- insette van werknemers gewaardeer/waardeer word om sodoende spanwerk te bevorder. √√
- Enige ander relevante antwoord wat met die situasies verband hou waarin 'n demokratiese leierskapstyl by die werkplek toegepas kan word.

Maks. (6)

4.4 **Aannemingsvoordele as ’n soort voordeel wat deur WVF uitbetaal word**

- Werknemers mag hierdie voordele ontvang √ indien hulle ’n kind√ jonger as twee jaar, wettiglik aangeneem het. √
- Werknemers wat onbetaalde verlof neem/mag deel van hul salaris ontvang √ terwyl hulle die kind by die huis versorg. √
- Slegs een ouer/lewensmaat √ mag voordele eis. √
- ‘n Bydraende werknemer kan aansoek doen vir verlof tot afwesigheid/ ophou werk √ om na sy/haar aangenome kind om te sien. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met aannemingsvoordele as ‘n soort voordeel wat deur die Werkloos-heidsversekeringsfonds uitbetaal word.

Maks. (4)

**BESIGHEIDSROLLE**

4.5 **Menseregte in die werkplek**

- Privaatheid √
- Waardigheid √
- Gelykheid √
- Vryheid van spraak en uitdrukking √
- Inligting √
- Veiligheid, sekuriteit en beskerming van lewe √

**LET WEL: Sien slegs die eerste VIER (4) na.**

(4 x 1) (4)

4.6 **Kreatiewe denke en probleemoplossing**

4.6.1 **Probleemoplossingstegniek vanuit die scenario**

Delphi-tegniek √√ (2)



Hosted by www.ecexams.co.za.

4.6.2 **Voordele van kreatiewe denke in die werkplek**

- Beter/Unieke/Ongewone idees/oplossings √ word ontwikkel/ gegenereer. √
- Kan die besigheid 'n mededingende voordeel gee √ indien buitengewone/unieke oplossings/idees/strategieë geïmplementeer word. √
- Verbreed die moontlikheid vir 'n reeks oplossings √ wanneer komplekse besigheidsprobleme opgelos word √
- Produktiwiteit verhoog omdat bestuur/werknemers vinniger 'n verskeidenheid van idees kan ontwikkel/genereer √ sodat tyd/geld meer effektief benut word. √
- Bestuurders/Werknemers het meer selfvertroue √ omdat hulle hul volle potensiaal kan bereik. √
- Bestuurders sal beter leiers wees √ omdat hulle in staat sal wees om veranderinge positief/kreatief te kan hanteer/bestuur. √
- Bestuurders/Werknemers kan 'n heel nuwe uitkyk ontwikkel √ wat toegepas kan word op enige taak(e) wat hul moet uitvoer. √
- Lei tot meer positiewe houdings √ omdat bestuurders/werknemers voel dat hulle 'n bydrae tot probleemoplossing gelewer het. √
- Verbeter motivering onder personeellede √ wat tot hoër werkstevredenheid lei. √
- Bestuurders/Werknemers het 'n gevoel van groter sukses √ en hulle sal nie die proses teëstaan/belemmer sodra hulle die probleem opgelos het/tot die sukses van die besigheid bygedra het nie. √
- Bestuurders/Werknemers kan met vinnig veranderende tegnologie √ byhou wat tot 'n vergrote markaandeel kan lei. √
- Stimuleer inisiatief van bestuurders/werknemers √, aangesien hulle voortdurend uit hulle gemaksone gedwing word. √
- Kreatiwiteit kan tot nuwe uitvindings lei, √ wat die algemene lewenstandaard verbeter/nuwe beleggers lok. √
- Besighede kan deurlopend op produkontwikkeling verbeter √ deur nuwe maniere te verken om groei te verbeter. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die voordele van kreatiewe denke in die werkplek.

Maks. (6)

4.7 **Uitdagings wat onbillike advertensies as 'n tipe onetiese sakepraktyk vir besighede inhou**

- Onregverdige advertensies kan nadelig √ vir verbruikers wees. √
- Misleidende reklame kan die vertroue van verbruikers skend √ en besigheids-verhoudings vernietig. √
- Die gebruik van onwaar of misleidende stellings in reklame kan tot die wanvoorstelling van die betrokke produk lei, √ wat verbruikers op 'n negatiewe manier kan beïnvloed. √
- Besighede kan onverstandige reklamekeuses maak √ wanneer hulle onder druk is om hulle winste te verhoog. √
- Party advertensies kan as diskriminerend beskou word √ omdat dit sommige dele van die bevolking uitsluit/teiken. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met hoe onregverdige reklame as 'n onetiese sakepraktyk 'n uitdaging vir besighede is.

Maks. (4)



Hosted by www.ecexams.co.za.

4.8 **Hantering van konflik in die werkplek**

- Erken dat daar konflik tussen die wergewers/werknemers/partye in die werkplek is. √√
- Identifiseer die oorsaak van die konflik. √√
- Vooraf-onderhandelinge kan gereël word waar werkers/klaers toegelaat sal word om hul sake/standpunte afsonderlik te stel. √√
- Reël 'n tyd en plek vir onderhandelinge waar alle betrokke werknemers teenwoordig kan wees. √√
- Reël 'n vergadering vir werkgewers/werknemers wat in konflik met mekaar is. √√
- Maak bedoelings van die intervensie duidelik so dat alle betrokke partye gemaklik kan voel. √√
- Elke party het die geleentheid om sy/haar eie opinies/gevoelens te stel. √√
- Partye wat in konflik met mekaar is gedurende die vergadering, kan erken dat hulle opinies verskillend is. √√
- Ontleed/Evalueer die oorsaak/oorsake van konflik deur dit in verskillende dele af te breek. √√
- Blaamverskuiwing behoort vermy te word en 'n gesamentlike poging moet aangewend word. √√
- Lei/Stuur partye in konflik om oplossings te vind/op oplossings te fokus. √√
- Ontwikkel/Hou 'n dinkskrum om moontlike oplossings vir konflik te vind. √√
- Partye in konflik moet saamstem oor die kriteria om alternatiewe te beoordeel/ evalueer. √√
- Kies/Implementeer die beste oplossing. √√
- Voorsien geleenthede vir die partye om saam te stem vir die beste oplossing. √√
- Evalueer/Volg die implementering van oplossing(s) op. √√
- Monitor die vordering om te verseker dat die konflik opgelos is. √√
- Kontrakteer kundiges in die hantering van konflik vanaf buite die besigheid. √√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met hoe besighede konflik in die werkplek moet hanteer.

Maks. (4)
**[40]**

**UITEENSETTING VAN PUNTE**

| VRAAG 4 | PUNTE |
|---|---|
| 4.1 | 4 |
| 4.2 | 4 |
| 4.3.1 | 2 |
| 4.3.2 | 6 |
| 4.4 | 4 |
| 4.5 | 4 |
| 4.6.1 | 2 |
| 4.6.2 | 6 |
| 4.7 | 4 |
| 4.8 | 4 |
| TOTAAL | 40 |

**TOTAAL AFDELING B: 80**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING C

**Sien slegs die EERSTE antwoord na.**

## VRAAG 5: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (BELEGGING: SEKURITEITE)

5.1 **Inleiding**

- Voorkeuraandeelhouers geniet voorkeurregte op dividende/terugbetalings bo gewone aandeelhouers. √
- Vaste deposito is ŉ gewilde beleggingsvorm omdat die risiko laag is in verhouding met ander beleggingsvorme. √
- Die enkelvoudige en saamgestelde rente stel beleggers in staat om vir hul beleggingsbehoeftes en finansiële beplanning voorsiening te maak. √
- Die JSE is ŉ formele mark wat die aktiwiteite van die finansiële markte op ŉ geordende manier reguleer. √
- Enige ander relevante inleiding wat verband hou met die regte van voorkeuraandeelhouers/impak van aandele en vaste deposito/verskille tussen enkelvoudige en saamgestelde rente/funksies van die JSE.

(Enige 2 x 1) (2)

5.2 **Regte van voorkeuraandeelhouers**

- Ontvang dividende ongeag hoeveel winste gemaak word. √√
- Ontvang ŉ vaste opbrengskoers/dividend. √√
- Hulle word eerste betaal/geniet voorkeurregte op dividende. √√
- Hulle het ŉ voorkeureis op maatskappybates in die geval van bankrotskap/ likwidasie van die maatskappy. √√
- Ontvang tussentydse en jaarverslae. √√
- Hulle het slegs onder uitsonderlike omstandighede/vir sekere besluite stemreg by die AJV. √√
- Kumulatiewe aandeelhouers moet uitstaande/opgelope dividende van vorige jare ontvang. √√
- Deelnemende voorkeuraandeelhouers het die reg om in surpluswinste te deel. √√
- Enige relevante antwoord wat verband hou met die regte van voorkeuraandeelhouers.

Maks. (12)

5.3 **Impak van beleggingsvorme**

5.3.1 **Aandele**

**Positiewes/Voordele**

- Kan vrylik oorgedra/verhandel word √ op die JSE. √
- Aandeelhouers se aanspreeklikheid teenoor die skuld van die maatskappy is beperk √ tot wat belê is √/Aandeelhouers het beperkte aanspreeklikheid √ vir maatskappyskuld. √
- Aandeelhouers het stemreg √ by die algemene jaarvergadering (AJV). √
- Belegging in aandele bied beskerming √ teen inflasie. √
- Belegging in aandele kan goeie opbrengste lewer √ op aftree-ouderdom. √
- Opbrengskoers op belegging (ROI) is gekoppel √ aan die prestasie van die maatskappy. √



Hosted by www.ecexams.co.za.

- Gewone aandele is gewoonlik goedkoper as voorkeuraandele √ op die ope mark. √
- Die besit van ŉ groter aantal aandele √ kan lei tot hoër proporsionele dividenduitbetalings. √
- Enige ander relevante antwoord wat met die positiewe impak/voordele van aandele as ŉ beleggingsvorm verband hou.

**EN/OF**

**Negatiewes/Nadele**
- Aandeelhouers kan minder dividende/geen dividende ontvang √ wanneer maatskappywinste laag is. √
- Maatskappye het geen wetlike verpligting om dividend √ aan aandeelhouers te betaal nie. √
- Risiko kan hoog wees, √ aangesien belegging verlore kan gaan wanneer maatskappye gelikwideer word. √
- Dividende verklaar kan deur die bestuur/direkteure √ van die maatskappy/besigheid bepaal word. √
- Enige ander relevante antwoord wat met die negatiewe impak/nadele van aandele as ŉ beleggingsvorm verband hou.

Sub-maks. (8)

5.3.2 **Vaste deposito**
**Positiewes/Voordele**
- Rente word teen ŉ vaste koers verdien √ ongeag die veranderinge in die ekonomiese klimaat. √
- Die beleggingstermyn √ kan kort/medium/lank wees. √
- Beleggers kan kies watter beleggingsperiode √ hulle die beste pas. √
- Die hoofbedrag plus die rente verdien √ word op die vervaldatum uitbetaal. √
- Verseker finansiële dissipline, want beleggers kan nie hul fondse onttrek √ voor die vervaldatum nie. √
- Beleggers verdien ŉ beter opbrengs op belegging √ as op ŉ gewone spaarrekening. √
- Hoe hoër die hoofbedrag/hoe langer die beleggingsperiode, √ hoe hoër is die rentekoers wat deur finansiële instellings aangebied word. √
- Dit het ŉ lae risiko √ omdat beleggers van die finale betaling gewaarborg is. √
- Enige ander relevante antwoord wat met die positiewe impak/voordele van vaste deposito as ŉ beleggingsvorm verband hou.

**EN/OF**

**Negatiewes/Nadele**
- Die beleggers kan nie hulle fondse onttrek√ voor die vervaldatum nie. √
- Lae opbrengs√ wanneer vergelyk word met ander beleggings. √
- Mag nie die effek van inflasie√ oor die langtermyn oortref nie. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die negatiewe impak/nadele van vaste deposito as 'n beleggingsvorm.

Sub-maks. (8)
Maks. (16)



Hosted by www.ecexams.co.za.

5.4 **Verskille tussen enkelvoudige rente en saamgestelde rente**

| ENKELVOUDIGE RENTE | SAAMGESTELDE RENTE |
|---|---|
| - Rente verdien op die oorspronklike bedrag √ en nie op rente wat opgeloop het nie. √ | - Rente verdien op die oorspronklike bedrag belê, √ sowel as rente verdien in vorige periode(s). √ |
| - Hoofsom bly onveranderd √ oor die volle periode van die belegging. √ | - Hoofsom groei √ met die toevoeging van rente. √ |
| - Rente word apart gehou √ tensy dit herbelê word. √ | - Rente word bereken op 'n hoër hoofsom √ en dan weer daarby getel. √ |
| - Minder √ opbrengste op belegging. √ | - Hoër √ opbrengste op belegging. √ |
| - Totale rentebedrag verdien op belegging √ is minder. √ | - Totale rentebedrag verdien op Belegging √ is hoog. √ |
| - Enige ander relevante antwoord wat verband hou met enkelvoudige rente. | - Enige ander relevante antwoord wat verband hou met saamgestelde rente |
| Sub-maks. (4) | Sub-maks. (4) |

**LET WEL:**
1. **Die antwoord hoef nie in tabelformaat te wees nie.**
2. **Die verskil hoef nie verbind te wees nie, maar moet duidelik wees.**
3. **Ken 'n maksimum van VIER (4) punte toe, indien die verskil nie duidelik is nie/Sien slegs of enkelvoudige rente of saamgestelde rente na.**

Maks. (8)

5.5 **Funksies van die Johannesburgse Sekuriteitebeurs/JSE**
- Gee geleenthede aan finansiële instellings soos versekerings-maatskappye wat hul surplusfondse in aandele te belê. √√
- Dien as 'n barometer/aanwyser vir ekonomiese toestande in Suid-Afrika. √√
- Hou beleggers ingelig deur aandeelpryse daagliks te publiseer. √√
- Dien as 'n skakel tussen beleggers en publieke maatskappye. √√
- Aandele word deur deskundiges waardeer en geëvalueer. √√
- Klein beleggers word genooi om deel te neem aan die ekonomie van die land deur die koop/verkoop van aandele. √√
- Waagkapitaalmarkte word op die ope mark beskikbaar gestel. √√
- Streng beleggingsreëls verseker 'n gedissiplineerde/ordelike mark vir sekuriteite. √√
- Verkry primêre kapitaal deur nuwe beleggings in gelyste maatskappye aan te moedig. √√
- Mobiliseer die fondse van versekeringsmaatskappye en ander instellings. √√
- Reguleer markte vir verhandeling in aandele. √√
- Beplan, doen navorsing en gee advies oor beleggings-moontlikhede. √√
- Verseker dat die mark op 'n deursigtige manier bedryf word. √√
- Bied beskerming aan beleggers deur streng reëls en regulasies tot te pas. √√
- Moedig korttermynbeleggings aan omdat aandele enige tyd verkoop kan word. √√
- Fasiliteer elektroniese verhandeling van aandele/STRATE. √√/ Kanaliseer finansiële hulpbronne na produktiewe ekonomiese aktiwiteite. √√
- Bevorder werkskepping en verhoog ekonomiese groei/ ontwikkeling. √√
- Enige ander relevante antwoord wat met die funksies van die JSE verband hou.

Maks. (10)



Hosted by www.ecexams.co.za.

5.6 **Gevolgtrekking**

- Voorkeuraandele kan as ŉ lewensvatbare beleggingsopsie beskou word aangesien beleggers verskeie opsies het om van te kies. √√
- Belegging in vaste deposito stel klein en groot beleggers in staat om te belê in hierdie beleggingsvorm as gevolg van die buigsaamheid van die beleggingstermyn. √√
- Die kennis van enkelvoudige en saamgestelde rente sal ŉ belegger toe laat om verdere navorsing te doen oor die mees onlangste ontwikkeling in beleggingsmoontlikhede. √√
- Gewone Suid-Afrikaanse burgers het die geleentheid om deel te neem aan die ekonomie van die land deur op die JSE te belê. √√
- Enige ander relevante gevolgtrekking wat verband hou met die regte van voorkeuraandeelhouers/impak van aandele en vaste deposito/verskille tussen enkelvoudige en saamgestelde rente/funksies van die JSE.

(Enige 1 x 2) (2)

**[40]**

**VRAAG 5: UITEENSETTING VAN PUNTETOEKENNING**

| BESONDERHEDE | MAKSIMUM | TOTAAL |
|---|---|---|
| Inleiding | **2** | **Maks 32** |
| Regte van voorkeuraandeelhouers | **12** | |
| Impak van beleggingsvorme:<br>o Aandele<br>o Vaste deposito | **16** | |
| Verskille tussen enkelvoudige en saamgestelde rente | **8** | |
| Funksies van die JSE | **10** | |
| Gevolgtrekking | **2** | |
| **INSIG** | | **8** |
| Struktuur/Uitleg | **2** | |
| Analise/Interpretasie | **2** | |
| Sintese | **2** | |
| Oorspronklikheid/Voorbeelde | **2** | |
| **TOTALE PUNTE** | | **40** |

SASO – vir elke komponent:
Gee 2 punte indien aan al die vereistes voldoen is.
Gee 1 punt indien aan sommige vereistes voldoen is.
Gee 0 punte waar glad nie aan vereistes voldoen is nie.



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 6: BESIGHEIDSROLLE (MENSEREGTE, INKLUSIWITEIT EN OMGEWINGSKWESSIES)

6.1 **Inleiding**
- Die ekonomiese regte van werknemers is een van die fundamentele regte wat in die Handves van regte in die werkplek gerespekteer moet word. √
- Werkgewers het die verantwoordelikheid om te verseker dat die werkplekomgewing vry is van gevaarlike materiaal om werknemers se veiligheid te beskerm. √
- Suksesvolle besighede ontwikkel geskikte strategieë wat daarop gemik is om verskillende diversiteitskwessies in die werkplek te hanteer. √
- Diversiteit in die werkplek beteken dat werknemers verskil ten opsigte van ouderdom/ ras/geslag/etiese groepe/gestremdheid. √
- Enige ander relevante inleiding wat met die ekonomiese regte van werknemers/verantwoordelikhede van werkgewers om menslike gesondheid en veiligheid te bevorder/hantering van gestremdheid/geslag as diversiteitskwessies in die werkplek/voordele van diversiteit verband hou.

(Enige 2 x 1) (2)

6.2 **Ekonomiese regte van werknemers in die werkplek**
- Vry van gedwonge arbeid. √√
- Vry om werk te aanvaar/kies. √√
- Regverdige lone/Gelyke betaling/Gelyke betaling vir werk van gelyke waarde. √√
- Reg om aan 'n wettige staking deel te neem. √√
- Billike beperking van werksure. √√
- Billike arbeidspraktyke. √√
- Veilige/Gesonde werksomstandighede. √√
- Aansluit/Stig van vakbonde. √√
- Enige ander relevante antwoord wat met die ekonomiese regte van werknemers in die werkplek verband hou.

Maks. (8)

6.3 **Verantwoordelikhede van werkgewers om menslike gesondheid en veiligheid te bevorder**
- Verskaf en onderhou al die toerusting √ wat nodig is om die werk uit te voer. √
- Toerusting moet onder toesig √ van 'n aangewese opgeleide werker gebruik word. √
- Plaas stelsels in plek √ om te verseker dat daar geen skadelike impak op die gesondheid en veiligheid van werkers sal wees nie. √
- Verminder/Verwyder gevare vir werkers √ en voorsien persoonlike beskermende klere. √
- Werkgewers moet weet waar potensiële gevare kan wees √ en maatreëls tref om die skade uit te skakel of te beperk. √
- Verseker dat die werkers se gesondheid nie beskadig word deur gevare √ wat voortspruit uit produksie/verwerking/berging/vervoer van materiaal of toerusting nie. √
- Werkers moet ingelig/opdrag/en onder toesig wees √ om potensiële gevare vir hulle te beperk. √/Nooduitgang-deurtekens moet sigbaar wees √ vir alle werknemers. √
-



Hosted by www.ecexams.co.za.

- Voldoen aan veiligheidswette √ wat poog om 'n gesonde werksomgewing te bevorder. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die verantwoordelikhede van werkgewers om menslike gesondheid en veiligheid in die werkplek te bevorder.

Maks (12)

6.4 **Maniere waarop besighede diversiteitskwessies kan hanteer**

6.4.1 **Gestremdheid**

- Besighede moet werksgeleenthede √ vir mense met fisiese gestremdhede verskaf. √
- Werkgewers behoort opgelei te word √ oor hoe om kollegas met gestremdhede te hanteer. √
- Besighede behoort goed ingelig te wees oor hoe √ om werknemers met fisiese gestremdhede te hanteer. √
- Akkommodeer mense met fisiese gestremdhede √ deur fasiliteite/ opritte vir rolstoele te voorsien. √
- Maak seker dat werknemers met spesiale behoeftes nie gemarginaliseer/uitgesluit √ voel uit werkplek aktiwiteite nie. √
- Beleidsrigtings en programme moet die behoeftes √ van mense met gestremdhede akkommodeer. √
- Skep 'n organisatoriese kultuur/klimaat wat bevorderlik √ vir mense met gestremdhede is. √
- Besighede moet eksterne deskundiges nader √ om met met gestremdhede en te help en die akkommodering daarvan. √
- Fokus op die vaardighede/werksprestasie van 'n werknemer met gestremdhede, √ eerder as op sy/haar gestremdheid. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met maniere waarop besighede gestremdheid as 'n diversiteitskwessie in die werkplek kan hanteer.

Sub-maks. (8)

6.4.2 **Geslag**

- Mans en vroue moet gelyke indiensnemingsgeleenthede √ aangebied word. √
- Besigheidsdirekteure moet beide mans en vroue √ in bestuursposisies bevorder. √
- Vroue behoort in diens geneem te word √ om aan die WGI te voldoen. √
- Stel teikens √ vir geslagsgelykheid in die besigheid. √
- Nuwe aanstellings √ moet op vaardighede en vermoëns gebaseer wees. √
- Stel regstellende aksie in deur te verseker dat manlike en vroulike werknemers √ billik/dieselfde vergoed word. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met maniere waarop besighede geslag as 'n diversiteitskwessie in die werkplek kan hanteer.

Sub-maks. (8)
Maks. (14)

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

6.5 **Voordele van diversiteit in die werkplek**

- Arbeidsmagdiversiteit verbeter die vermoë van besighede om probleme op te los/innoveer/kultiveer diverse markte. √√
- Werknemers het waardering vir mekaar se diversiteit en leer om in te skakel/kommunikeer oor verskillende lyne. √√
- Diversiteit in die arbeidsmag verbeter moraal/motivering. √√
- Werknemers toon groter lojaliteit aan besighede omdat hulle gerespekteer/aanvaar/verstaan voel. √√
- Diverse arbeidsmag kan besighede 'n mededingende voordeel gee, want hulle kan beter dienste lewer. √√
- Om respekvol teenoor verskille te wees/diversiteit te toon maak goeie besigheidsin/verbeter winsgewendheid. √√
- Diverse besighede verseker dat hulle beleide/praktyke elke werknemer bemagtig om teen sy/haar volle potensiaal te presteer. √√
- Belanghebbendes evalueer toenemend besighede oor hoe hulle diversiteit in die werkplek bestuur. √√
- Werknemers uit verskillende agtergronde kan verskillende perspektiewe na besighede bring. √√
- 'n Diverse arbeidsmag stimuleer debat oor nuwe/verbeterde maniere om dinge gedoen te kry. √√
- Werknemers verteenwoordig verskillende groepe en is daarom beter in staat om kliëntebehoeftes raak te sien/verbruikers tevrede te stel. √√
- Besighede met 'n diverse arbeidsmag sal meer waarskynlik 'n goeie openbare beeld hê en meer kliënte lok. √√
- Enige ander relevante antwoord wat met die voordele van diversiteit in die werkplek verband hou.

Maks. (12)

6.6 **Gevolgtrekking**

- Die nakoming van ekonomiese regte van die werknemers bevorder ŉ gesonde verhouding tussen die werkgewers en werknemers. √√
- Die werkgewer moet al die fisiese, chemiese en biologiese faktore wat in die werkplek teenwoordig is assesseer/beheer/aanspreek om menslike gesondheid en veiligheid te verseker. √√
- Hantering van diversiteitskwessies in die werkplek soos gestremdheid en geslag stel besighede in staat om die vaardighede/kennis/kundigheid van 'n diverse werksmag te gebruik. √√
- Diversiteit in die werkplek stel besighede in staat om positief te reageer op die behoeftes/navrae van verbruikers. √√
- Enige ander relevante gevolgtrekking wat met die ekonomiese regte van werknemers/verantwoordelikhede van werkgewers om menslike gesondheid en veiligheid te bevorder/hantering van gestremdheid/geslag as diversiteitskwessies in die werkplek/voordele van diversiteit verband hou.

(Enige 1 x 2) (2)

**[40]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

**VRAAG 6: UITEENSETTING VAN PUNTETOEKENNING**

| BESONDERHEDE | MAKSIMUM | TOTAAL |
|---|---|---|
| Inleiding | 2 | Maks 32 |
| Ekonomiese regte van werknemers in die werkplek | 8 | |
| Verantwoordelikhede van werkgewers om menslike gesondheid en veiligheid in die werkplek te bevorder | 12 | |
| Maniere waarop besighede diversiteitskwessies kan hanteer:<br>○ Gestremdheid<br>○ Geslag | 14 | |
| Voordele van diversiteit in die werkplek | 12 | |
| Gevolgtrekking | 2 | |
| **INSIG** | | 8 |
| Struktuur/Uitleg | 2 | |
| Analise/Interpretasie | 2 | |
| Sintese | 2 | |
| Oorspronklikheid/Voorbeelde | 2 | |
| **TOTALE PUNTE** | | **40** |

SASO – vir elke komponent:
Gee 2 punte indien aan al die vereistes voldoen is.
Gee 1 punt indien aan sommige vereistes voldoen is.
Gee 0 punte waar glad nie aan vereistes voldoen is nie.

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

Hosted by www.ecexams.co.za.